**7 Junie**

Skrifgedeelte: Spreuke 21:1-8
Fokusgedeelte: Spreuke 21:1

# God heers!

Wat ’n heerlike en troosryke wete: God is in beheer! Nie een of ander koning of vors of tiran of diktator nie, maar God.

Ons lewe in ’n wêreld waarin die oorgrote meerderheid regeerders meen hulle het die hef in die hand – húlle regeer die wêreld. Ons weet egter beter: God hou die teuels van die wêreldbestuur in sy hande, niemand kan Hom teen sy wil in roer of beweeg nie, daaroor is ons teksvers duidelik.

In die tyd van Salomo het konings geweldige mag gehad, baie is selfs as gode beskou. Vir God egter was hulle slegs instrumente in sy hand om sy plan tot uitvoer te bring. Of die owerhede dit besef of nie, “daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel” (Rom 13:1). En Jesus het Self vir Pilatus gesê: ”U sou geen mag oor My hê as dit u nie van bo gegee was nie” (Matt 19:11). Ons teks maak dit met pragtige beeldspraak duidelik: soos ’n landman water lei na waarheen hy dit nodig het, so lei die HERE die koning se hart. Die Verbondsgod (Jahwe) lei dus die wêreld en –politiek tot heil van sy koninkryk, tot jou en my voordeel.

Daarom moet ons vir die owerheid van die dag bid (1 Tim 2:1-3), hulle gehoorsaam, geduld met hulle gebreke hê, belastings betaal, want dit behaag God om ons deur hulle hand te regeer (NGB, art. 36). Daar is net een uitsondering: ons mag hulle nie gehoorsaam in dit wat in stryd met die Woord van God is nie (Hand 4:19) en bereid wees om die gevolge te dra.

Ons weet volgens die Openbaringboek dat die owerhede van hierdie wêreld hulleself al meer in diens van die antichris wil stel, MAAR ons Koning is ook die Koning van die konings en aan Hom is gegee alle mag in hemel en op aarde. Jesus Christus het ons verlos en as ons Koning sal Hy ons so bewaar en beskerm dat geen haar van ons hoof sal val sonder sy wil nie, Hy laat alles vir ons ten goede meewerk, vir hulle wat God liefhet.

Loof in dankbaarheid dié grote Koning vandag en elke dag! *Hy* regeer! By Hom is ons veilig.

Sing: Psalm 99:1 (1936)

Ds W de Vos (Emeritus)